Skriflesing: Genesis 40
Teks: **Genesis 40:23**
Sing: Ps. 105:1,10; Ps. 45:3,4,5; Ps. 34:8; Ps. 68:3
Genesis 40:1-23

Gen 40:1 Ná hierdie dinge het die skinker van die koning van Egipte en die bakker hulle misgaan jeens hulle heer, die koning van Egipte,
Gen 40:2 sodat Farao baie kwaad geword het vir sy twee hofdienaars, die voorman van die skinkers en die voorman van die bakkers.
Gen 40:3 En hy het hulle in bewaring gegee in die huis van die owerste van die lyfwag, in die gevangenis, die plek waar Josef gevange was.
Gen 40:4 En die owerste van die lyfwag het Josef by hulle aangestel om hulle te bedien. En hulle was ‘n tyd lank in bewaring.
Gen 40:5 En hulle het altwee ‘n droom gehad, elkeen sy droom, in dieselfde nag, elkeen ‘n droom met besondere betekenis, die skinker en die bakker van die koning van Egipte, wat in die gevangenis gevange gesit het.
Gen 40:6 En Josef het die volgende môre by hulle gekom en gesien dat hulle ontstemd was.
Gen 40:7 Toe vra hy die hofdienaars van Farao wat by hom in bewaring was in die huis van sy heer, en sê: Waarom lyk julle aangesig vandag so droewig?
Gen 40:8 En hulle antwoord hom: Ons het ‘n droom gehad, en daar is niemand wat dit kan uitlê nie. En Josef vra hulle: Is uitlegging nie ‘n saak van God nie? Vertel my tog.
Gen 40:9 Toe vertel die voorman van die skinkers aan Josef sy droom en sê vir hom: In my droom was daar ‘n wingerdstok voor my,
Gen 40:10 en aan die wingerdstok was drie ranke; en skaars het hy gebot of sy bloeisel was uit, sy trosse het ryp druiwe geword.
Gen 40:11 En die beker van Farao was in my hand. En ek het die druiwe geneem en dit in die beker van Farao uitgedruk en die beker in die hand van Farao gegee.
Gen 40:12 Toe sê Josef vir hom: Dit is die uitlegging daarvan: die drie ranke is drie dae.
Gen 40:13 Binne drie dae sal Farao jou hoof verhef—jou in jou rang herstel; en jy sal die beker van Farao in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.
Gen 40:14 Hou my tog net in gedagte as dit met jou goed gaan, en bewys my tog ‘n guns en maak melding van my by Farao en bring my uit hierdie huis uit;
Gen 40:15 want ek is gesteel, ja gesteel, uit die land van die Hebreërs, en ek het hier ook niks gedoen dat hulle my in die gevangenis gesit het nie.
Gen 40:16 Toe die voorman van die bakkers sien dat hy ‘n gunstige uitlegging gegee het, sê hy aan Josef: Ook in my droom—toe was daar drie mandjies met witbrood op my hoof,
Gen 40:17 en in die boonste mandjie was allerhande eetware vir Farao deur bakkers klaargemaak, en die voëls het dit uit die mandjie bo-op my hoof weggepik.
Gen 40:18 Toe antwoord Josef en sê: Dit is die uitlegging daarvan—die drie mandjies is drie dae.
Gen 40:19 Binne drie dae sal Farao jou hoof bo-oor jou verhef—hy sal jou aan ‘n paal ophang, en die voëls sal jou vlees van jou af wegpik.
Gen 40:20 En op die derde dag, die verjaarsdag van Farao, het hy ‘n maaltyd vir al sy dienaars berei en die hoof van die voorman van die skinkers en die hoof van die voorman van die bakkers te midde van sy dienaars verhef—
Gen 40:21 hy het die voorman van die skinkers herstel in sy skinkersamp, sodat hy die beker in die hand van Farao kon gee,
Gen 40:22 maar die voorman van die bakkers het hy opgehang soos Josef dit aan hulle uitgelê het.
Gen 40:23 En die voorman van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, maar hom vergeet.

Skriflesing: Genesis 40
Teks: **Genesis 40:23**
Sing: Ps. 105:1,10; Ps. 45:3,4,5; Ps. 34:8; Ps. 68:3

Ons staan weer naby die einde van nog ’n jaar. Broeder en suster, weer berei ons ons voor vir die laaste Nagmaal van die jaar. Ons moet kan kop-optel! Klomp dinge wat in die jaar gebeur het wat mens maar net wéér laat besef hoe vervleg en hoe gejaagd is ons lewens. Van sekere dinge kan mens eenvoudig jouself nie losmaak nie. Dit spoel eenvoudig oor ons! Ons leef in ’n tyd waar dinge nie net vinnig gebeur nie, maar dinge verander ook baie vinnig. Wat vandag nuut en wonderlik is, is volgende week ou nuus en klaar verouderd! Of ons daarvan hou dat alles so vinnig gebeur of ons hou nie daarvan nie, ons wil graag maar hê dinge moet bly soos dit was, verander natuurlik nie veel aan die werklikheid van hoe dinge gebeur en hóé dinge verander nie.

Wanneer ons vir Nagmaal voorberei, ons kyk terug op ’n jaar so vinnig aan die beweeg, ons neem as’t ware ’n inventaris van wat gebeur het, wat nog moet gebeur, ons kyk na dinge waarop ons voorberei kan wees, natuurlik met die werklikheid van dinge waarop ons hoegenaamd nie voorberei kan wees nie, dan wil ek graag vanoggend in die lewe van Josef bietjie inkyk.

***

In ons lewens, maar ook in Josef se lewens, ja baie van die dinge in Genesis 40 gaan oor kop-optel. Dit is nogal ’n uitdrukking wat ’n sentrale gedagte in hierdie hoofstuk is. In vers 13 staan kop-optel heel positief, hoe dit vir die skinker sal uitwerk. ***13*** *Binne drie dae sal Farao jou hoof verhef—jou in jou rang herstel; en jy sal die beker van Farao in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.* Vir die bakker staan die kop-optel heel negatief- ***19*** *Binne drie dae sal Farao jou hoof bo-oor jou verhef—hy sal jou aan ‘n paal ophang, en die voëls sal jou vlees van jou af wegpik.* Of ons nou kyk na die skinker se kop-optel, of baie sleg die bakker se kop-optel, gaan dit nie net om hulle kop-optel nie. In werklikheid moet Josef kophou, kop kan optel, selfs wanneer ander nie kophou nie. Hoe belangrik om by Nagmaal kop op te tel en weer mooi te dink waaroor dit werklik vir ons by hierdie Nagmaal en in ons lewens om gaan.

***

Daar gebeur baie dinge met ons wat ons seker anders sou wou hê. So het Josef dit ook beleef. Baie van die dinge wat met jou en my gebeur het eintlik baie te make met ander mense. Mense wat jy wou vertrou wat jou in die steek laat. Hier gebeur eenvoudig met Josef

iets menslik wat so maklik gebeur. Enige mens kan vergeet, die skinker vergeet vir Josef op van die mees kritieke stadiums van Josef se lewe dat mens wonder hoe kan die skinker dit gedoen het? As hy maar net geweet het hóé belangrik dit vir Josef is om hom onder geen omstandighede te mag vergeet nie. Tog hy het hom vergeet. Dit is vir Josef baie sleg. Dit het gemaak dat sy tyd in die tronk baie langer was, 2 jaar langer, al wou hy die beste voorbereiding tref om daar uit te kom dat hy nie langer in daardie tronk moet wees nie.

***

Dit bring ons by die eintlike punt van voorbereiding dat ons ook besef broeder en suster, die uitdrukking wat ons het dat die mens wik maar God beskik. Dit is 'n baie belangrike saak! As ons dit van nader bekyk dan slaan die verhaal van Josef ons baie hard. Wanneer ek haastig wil wees, wanneer ek dinge drasties anders wil hê, so 'n groot deel van wat my lot is, voel vir 'n mens baie keer my lot is in ander mense se hande. Ons lewens is in baie opsigte so met mekaar vervleg, dat ons so baie dinge in ongeduld deurworstel want kan ek werklik altyd op ander vertrou? Hierdie tipe van vrae en hierdie tipe van werklikhede laat ons so met die Nagmaal voorhande 'n slag met mekaar die koppe optel en vir mekaar sê besef jy dat God eintlik maar besig is om sy doel met jou en my te bereik, nie met wat my planne en my spoed en my werklikhede is nie, maar ons het te doen met God se werklikhede, met God se spoed, met God se planne.

***

Die werklikheid wat God met Josef bedoel bots heel drasties met Josef se onmiddellike plan. Josef kry nou al 'n tweede, al 'n derde maal met die slegste van menslike willekeur en menslike keuses te doen. Eers was dit sy broers wat vanweë jaloesie hulle eie broer, ja hulle pa se liefling-kind, in 'n put gooi, hom verkoop, hom eintlik weggee op 'n manier wat mense nie van mekaar ontslae mag raak nie. Dan as Josef net dink hy kan sy kop optel, dan is die listige vrou van Potifar daar om slegte dinge met hom te laat gebeur. As hy geval het vir haar listige planne dan was dit sleg, tog al val hy nie vir haar planne nie, dan is dit ook sleg. Hy het as't ware geen eie keuse gehad nie, om tussen slegtes te moet kies kan tog eintlik nooit goed wees nie. Sy stukkie geskeurde klere in haar hand maak dit 'n verdoemende saak al was hy so onskuldig as kan kom. Hoekom gebeur dit?!

Hy word in die tronk gegooi, onskuldig en tog daar kom iets van 'n kop-optel in die tronk. Dié Potifar het seker maar heeltyd gewonder oor was Josef werklik by my vrou die skuldige. Hy gee vir Josef in die tronk iets van 'n bevordering, die Bybel noem dit 'n bediening. As owerste van die lyfwag, as regeringsamptenaar, stel Potifar vir Josef aan om twee gesiene

regeringslui, wat by Farao in onguns gekom het, te moet oppas. Die koning se skinker, die koning se bakker was baie senior manne, mense wat die koning met sy lewe wou vertrou wat in hulle geval het iets skeefgeloop. Hulle beland in dieselfde tronk, in dieselfde sel as Josef... Intussen weer Potifar... *Hy het Josef by hulle aangestel* is wat ons gelees het, *om hulle te bedien.* Dit is asof die Here heeltyd vir Josef in aanraking bring met regeringslui en dan hóé tragies is die afloop daarvan asof dit elke keer vir Josef net ál hoe slegter uitwerk. Hoekom hom met regeringslui in aanraking bring as dit in alle geval net vir hom sleg sal wees?! Al staan daar in hfst. 39:21- ***21*** *Maar die HERE was met Josef, en Hy het goedertierenheid aan hom bewys en hom guns verleen in die oë van die owerste van die gevangenis.*

Al die tonele speel hier in die tronk af. Dit is asof God se voorbereidende pad darem eintlik 'n baie lang en soms baie moeilike pad kan wees. In baie gevalle 'n lewenslange pad. Die mens wat mag voel ek vorder een tree, maar dan skielik dan val ek weer twee treë terug. Dit mag in baie van Josef se lewe so lyk... Met tye mag dit voel ek is darem al goed genoeg voorberei vir wat ek moet doen dan is dit nie te sê dit is hóé God daaroor dink nie. God wat met Josef se lewe 'n doel wil bereik beteken nie dat hierdie pad waarop God Josef voorberei 'n maklike pad sal wees nie. Net so min beteken dit dat God se plan en Josef se planne langs dieselfde bane mooi parallel gaan afloop asof Josef vooraf kan weet wat God se planne en wat God se verwagtinge met hom is. Niks hiervan nie. Dinge werk ook nie uit soos wat Josef dit sekerlik verwag het nie. Al is dit ander mense se verkeerde keuses en foute wat direk op Josef inwerk maak niks hiervan Josef se tronklewe makliker nie. Ja, weereens dit is nie vir hom om te sê waarheen hy werklik op pad is nie... Is dit werklik vir u en my om te sê?

***

Josef wat so op die verkeerde manier tussen mense kan beland, tog wonder mens daaroor. Hy beland tussen Potifar en sy vrou, hier beland hy tussen die skinker en die bakker. Tussen twee wat hom om hulle drome en die uitleg van hulle drome duidelik die waarheid voor oë moet hou. Dit is asof drome elke keer iets van 'n verligting, 'n opheldering vir Josef lyk te wees, maar dan kom hy in die moeilikheid oor drome. Daardie ding wat hy met sy drome in die ouerhuis al moes deurgaan. Van droom na vervulling van 'n droom was en is vir baie mense alles behalwe 'n droom-begin, nie waar nie? Daartussen moet jy kop-hou, anders lig ander hulle koppe oor jou.

***

Vir die skinker is die uitleg van sy droom die verhaal van sukses en uitkoms. Al die ontwikkelingsfases van 'n druiwestok na vrug na wyn na 'n beker wat vol kan word, is op die

tafel. Alles mooi in die getal drie afgeteken. Die druiwestok het drie takke, die ontwikkeling gebeur in drie fases, ja Farao se naam staan drie keer, die woord beker word drie keer gebruik, drie keer staan die aksie rondom hierdie wingerd, hy *neem* die druiwe, hy *druk* die korrels uit, hy *plaas* dit in Farao se hand... Al het dit alles niks met Nagmaal te doen gehad nie, is dit asof dit tog nie los van die Nagmaal kan bly staan nie. Ons het met druiwe te doen, as ons Nagmaal vier, ja dit gaan waarlik om die Drie-Enige God, ja hierdie God laat die beker in ons hande nie onbetuig nie. Dit nadat Christus drie dae in die graf was, na drie dae sal hierdie skinker sy kop kan optel- ***13*** *Binne drie dae sal Farao jou hoof verhef—jou in jou rang herstel; en jy sal die beker van Farao in sy hand gee net soos vroeër toe jy sy skinker was.*

Aan die ander kant het die bakker, die man wat die brood moes bak dit nie ontvang soos die skinker nie. Sy lot is anders want nie net verskil mense nie, maar wat hy gedoen het dat sy lot anders moes wees weet ons nie, maar net dit is anders. Om jou kop op te tel is vir die skinker 'n heerlike uitkoms, om jou kop van jou af op te tel is wat die bakker getref het, hy is gedood. Kop optel en kop optel is nie noodwendig dieselfde nie. Josef moet egter in albei die manne wie se lewe hy nie kan bepaal nie, sy eie lewe sien. Die wonderlike van God se genade is dat Josef te midde van en ten spyte van sy eie slegte omstandighede en hoe dinge met hom nie verloop soos hy gehoop het nie, bly sy geloof vasstaan. Hy kan sy kop bly optel. Al is daar so 'n groot kontras tussen wat mens glo in spanning met wat jy ervaar wil Josef sy band met God nie los nie. Die verbond, die verbintenis tussen hom en God is waarna Josef teruggryp ongeag sy ervaring en sy teleurstelling in ander mens, in besonder die skinker wat hom vergeet het.

In wat sy werklikheid is en wat God se spoed en God se planne met hom is, kom nie sommer vinnig bymekaar uit nie. Hoe maklik sou hy nie moedeloos kon word. So baie dinge wat hom 'n boek van onreg kon laat skryf. Onregverdige behandeling wat meer die reël as die uitsondering vir hom lyk te wees. Wanneer sulke dinge aanmekaar oor ons kom, broeder en suster, dit wat die meeste sal doen, is om te kla, is om in totale selfbejammering te verval. Is om God naderhand aan te kla wat 'n houding kan werk van wat help dit om die Here te dien. Maar dit is nie wat ons by Josef sien nie. Onwrikbaar stel hy sy vertroue in die Here. Hy vertel daardie regeringslui onbevrees die betekenis van hulle drome al is die nuus aan die bakker nie goeie nuus nie. Die waarheid moet die liefde dra. Die waarheid is in alle geval nie

bedoel om die mens te pas nie, maar dit bepaal ons toekoms. Daarom is ander se belange veronderstel om swaarder te wees as my eie belange.
Broeder en suster dit is die punt waarby ons ons koppe moet optel en besef die moedeloosheid wat my so wil aftrek is nie bedoel om die laaste sê in my lewe te kry nie. Jesus Christus wat in alles Homself gegee het, Homself in ons plek geoffer het, is die Een wat ons by die komende Nagmaal in ons moedeloosheid, in ons aanvegtinge, nog weer ons koppe kan laat optel. Vertrou op Hom. Dit wat in Romeine 15:4 staan is wat ons by hierdie Nagmaal ons eie moet maak... ***4*** *Want alles wat tevore geskrywe is, is tot ons lering tevore geskrywe, sodat ons deur lydsaamheid en bemoediging van die Skrifte hoop kan hê*....Hiermee saam moet ons in sulke tye in besonder Heb.10:24-25 as uitgangspunt neem... ***24*** *en laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor;* ***25*** *en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.* Die Here wil vir u by hierdie Nagmaal dit duidelik laat hoor, al kan ander mense my vergeet, al is ons baie keer so teleurgestel in wat ander mense aan ons doen, is dit dié Here wat vir jou sê - ***28*** *Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.* ***29*** *Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele;* ***30*** *want my juk is sag en my las is lig.* So oorwin ons ook ons teleurstellings want die Heilige Gees is die Een wat oor ons gekom het, ook as ons by die Nagmaal in Hom Nagmaal vier.

Josef wat in baie opsigte dinge aan ons toon wat Christus vervolmaak het. Josef maak geheime bekend, Christus die Een wat die verborgene werklik volkome beliggaam en belig het. Ja, ons sluit af, weet u die laaste 39 hoofstukke van Genesis gaan eintlik net oor 4 mense. Die eerste 11 hoofstukke bevat baie mense en baie jare, seker ’n tydperk van oor die 2000 jaar, maar vanaf Gen.12 gaan die hooflyne net oor 4 mense. Abram, Isak, Jakob en Josef, ja hierdie 4 bevat dit waaroor Nagmaal ook moet gaan. Abram is in alles die bewys hoe God sonder enige verdienste die mens uitkies, alleen God kies vir Abram, Isak is weer die bewys van die God wat kies die God roep die mens. Isak word op ’n besondere manier die lewe ingeroep en word hy die voorbeeld van God roep jou die lewe in, al sou sy pa hom offer, Jakob word die eerste bewys van verlossing is deur genade alleen. Die ou bedrieër Jakob, as hy verlos moes word op grond van hoe goed hy is, dan sou daar geen verlossing kon wees nie. Jakob staan as voorbeeld van dat regverdiging kan alleen deur die geloof geskied. En dan nou vandag se Josef, hierdie 3 voor hom, verkiesing van Abram, roeping

van Isak, regverdiging van Jakob, Josef wys hoe God verheerliking plaasvind. Daar is baie dinge in Josef se lewe wat nie heerlik was nie, maar tog dien dit alles tot verheerliking van God, waarin God op sy tyd en sy manier die mens sal verheerlik. Dit wat Josef later as koning in Egipte gekry het. Hy kom op die troon. Dit is eintlik maar Rom 8:30- ***30*** *en die wat Hy vantevore verordineer het, dié het Hy ook geroep; en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook geregverdig; en die wat Hy geregverdig het, dié het Hy ook verheerlik.*

AMEN